Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 54: *Vzot HaBarachah* (וזאת הברכה) – Hier Volg Die Seëninge.

En dit is die seën waarmee Moses, die man van God, die kinders van Israel geseën het voor sy dood. Deut. 33:1.

Torah : **Deut. 33:1 tot 34:12**

- **Deuteronomium 33 en 34** – Die Einde Is Ook Die Begin
- **Deut. 33:2 –** Torah, 'n Vlammende Vuur
- **Deut. 33:3 –** Aan Die Voete Van Yeshua
- **Deut. 33:4 –** Torah, Die Nalatenskap Van Jakob
- **Deut. 33:5 –** Koning Van Israel

Haftarah: Josua 1:1 tot 18 – 'n Nuwe Begin

Hernieude Verbond: Matth. 17:1 tot 9; Mark. 9:2 tot 10; Luk. 9:28 tot 36; Judas 3, 4,en 8 tot 10.

Beware of false knowledge; it is more dangerous than ignorance – George Bernard Shaw

Sin does not become righteousness because it is accepted by the majority.

The past is your lesson and the present is your gift, but the future is your motivation!

Mystery Babylon begins when people want to pretend they are obeying Yahweh's Spirit, but aren't willing. So they make up a façade – Norman Willis.

Midrash (Torah Bespreking)

Die Einde Is Ook Die Begin!

Hierdie is die laaste Torah Skriflesing van die jaarlikse siklus. Volgens gebruik word hierdie parashah (54) nie op Shabbat gelees nie, maar wel op *Shemini Atzeret* / *Simchat Torah.* Op hierdie dag word Parashah 1 (*B'reisheet*) ook gelees.

Shemini Atzeret is die byeenkoms op die Agste Dag – die dag na die 7 dae van Sukkot (Fees van Tabernakels). Dit word beskou as die "afsluitingsfunksie" waar YHVH die "Gasheer" is (soos by alle feeste). Die syfer 7 spreek van volmaak en voltooi en 8 spreek van 'n nuwe begin (Ex. 22:30; Lev. 9:1; Lev. 12:3; Lev. 14 10 en 23). Die Agste Dag kondig die einde en die begin aan. Dit is 'n herinnering dat YHVH se Feestye en Sy Torah 'n sirkel is – dit het nie 'n begin nie en ook nie 'n einde nie. Dit is soos 'n spiraal wat ons met elke siklus na 'n hoër vlak van insig in die Lewende Woord en intimiteit met die Vader neem.

Simchat Torah is beide die vreugde **in** Torah en die vreugde **van** Torah. Hierdie is 'n instelling wat volg op die byeenkoms op die Agste Dag. Israel van ouds, en die ortodokse Jode van vandag, beskou die Torah, naamlik YHVH se onderrig en instruksies (die wet) as die grootste geskenk wat hulle ooit ontvang het. Daarom word *Shavuot* (die Fees van Weke of Pinkster) gedenk as 'n dag waar hulle hierdie geskenk van YHVH ontvang het. Torah is dus vir hulle 'n vreugde en was nog nooit as 'n las ('n vloek) beskou soos wat die 'kerk' dit sien nie. Daarom is *Simchat Torah* 'n dag waar die vreugde **in** Torah gedemonstreer word deur met 'n Torahrol te dans. Daar word egter ook geglo dat Torah 'n vreugde (blydskap) in elkeen het wat Torah-gehoorsaam is en daarom is *Simchat Torah* ook die vreugde **van** Torah. Die Torah het egter nie 'voete' nie en daarom word die wat hulle vreugde in Torah vind dan die voete van Torah. Dit is as te ware 'n vreugdevolle liefdesdans!!!

Aan die einde van die Torahsiklus, in Deuteronomium 34, lees ons van die dood en die begrafnis van Moses. Hy was 'n heenwysing na, en 'n afbeelding van Yeshua Messias. Terwyl ons nog hierdie gebeure vars in ons geheue het, blaai ons terug na Genesis 1 en lees ons van die "nuwe" skepping – 'n "nuwe" hemel en aarde en die mens geskape na die beeld en gelykenis van YHVH. Ons leer weer, asook meer, van ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob en van Israel die uitverkieste en afgesonderde volk van YHVH. Hy wat saam met Moses aan die einde van sy aardse lewe was, is ook teenwoordig aan die begin. Hierdie patroon is vir ewig gevestig. Die einde is ook die begin, want saam met YHVH is die einde altyd 'n nuwe begin. Hy is die Alef (Alfa) en die Tav (Omega) – die Tav is nie die einde nie, maar die nuwe begin (Alef). Hy is die Lewende Torah, Yeshua Messias, die Woord wat van ewig af daar was en sal wees! Hy is die eerste en die laaste (Open. 1:17).

Laat ons elke dag ons geestelik versadig met YHVH se Torah en dit so soet en genesend soos heuning ervaar. En mag ons elkeen met vrymoedigheid ons Vader se onderrig en instruksies leef en verkondig as geregverdigdes in Yeshua ons Messias!!

Daarna het Hy vir my gesê: Mensekind, eet op wat jy vind; eet hierdie rol op, en gaan spreek met die huis van Israel. Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my dié rol laat eet en vir my gesê: Mensekind, laat jou buik eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat Ek jou gee. En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet. Eseg. 3:1 tot 3.

Bepeins of Bespreek

1. Aan die einde van die jaarlikse Bestemde Tye van YHVH moet ons die volgende vra: Hoe belangrik is dit vir gelowiges in Yeshua om die Feestye van YHVH te gedenk? Wat is die lot van diegene wat weier om die feestye te gedenk? Ons word alleenlik deur genade, naamlik geloof in die versoening deur Yeshua gered. Die vraag is egter: Hoe belangrik is gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies as deel van ons redding? In Gal. 5:19 tot 21 gee Paulus byvoorbeeld ‘n lys van wat die werke van die vlees is en voeg dan ten slotte by: *Die wat sulke dinge doen sal nie die koninkryk van YHVH beërwe nie*. Dit is tog baie duidelik, maar is hierdie lys volledig? Wat van ongehoorsaamheid ten opsigte van dinge soos Shabbat, die feestye, YHVH se voedselvoorskrifte, ensovoorts? Is gehoorsaamheid wettiesheid, naamlik om onder die wet te wees? Is ons gehoorsaam om gered te word of is ons gehoorsaam omdat ons gered is? Is gehoorsaamheid nie beter as offerhande nie (1 Sam. 15:21 tot 23)?

2. Daar is diegene wat beweer dat om die feestye van YHVH te gedenk, is om onder die wet te wees. Diegene wat so glo sal egter Kersfees en *Easter*, wat mensgemaakte wette is, gedenk!! Wat kies jy? Gehoorsaamheid aan YHVH se wette of die van mense?

3. Die drie uitsyaande kenmerke van Israel van ouds was: YHVH het tussen hulle gewoon (getabernakel), hulle het die Torah as geskenk aanvaar vir ‘n lewe van shalom en van seëninge, en derdens, hulle het die soewereiniteit van YHVH erken. Het ons dieselfde getuienis, naamlik woon Yeshua in ons harte en in ons midde, getuig ons lewe van Torah-gehoorsaamheid en erken ons die soewereiniteit van YHVH in elke faset van ons lewe?

4. Die betekenis van die woord *vervul*. Voorbeeld: Matt. 5:17

   Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê (PWL).

   Do not think that I have come to do away with or undo the Law. I have come not to do away with or undo, but to complete and fulfill them (AB).

   ‘n Profesie wat nog nie vervul is nie, bevat nog sekere onduidelikhede (die detail ontbreek). Byvoorbeeld die profesië oor die wederkoms. Wanneer ‘n profesie vervul is, is dit volledig en duidelik – ons sien nou die detail en die ware betekenis. Byvoorbeeld die profesië aangaande die geboorte, lewe, sterwe en opstanding van Yeshua. Die profesie is nie opgehef nie, maar het nou ware betekenis gekry. Net so is die Wet (die Torah) met die koms van Yeshua vervul – die detail en ware betekenis is nou duidelik.

   Vervul in Grieks is *plēroō* en volgens Thayer’s Greek Definitions beteken dit die volgende: *to make full, to fill up, i.e. to fill to the full; to cause to abound, to furnish or supply liberally; to render full, i.e. to complete; to fill to the top: so that nothing shall be wanting to full measure, fill to the brim; to fulfil, i.e. to cause God’s will (as made known in the law) to be obeyed as it should be, and God’s promises (given through the prophets) to receive fulfilment*

   Ontbind in Grieks is *kataluõ* en beteken (Thayer’s Greek Definitions): *to dissolve, disunite, to destroy, demolish, to overthrow, i.e. render vain, deprive of success, bring to naught; to deprive of force, annul, abrogate (herroep; op te hef, af te skaf), discard (wegwerp; wegdoen, weggooi).*

Yeshua het dit duidelik gestel dat Hy nie gekom het om die wet (die Torah) te *kataluõ* nie, maar om dit te *plēroō*.

Deut. 33:2 – Torah, 'n Vlammende Vuur

En hy het gesê: YHVH het gekom van Sinai en vir hulle opgegaan van Seíer af; Hy het in ligglans verskyn van die berge van Paran en gekom van afgesonderde tien duisende af; aan sy regterhand was vlammende vuur vir hulle.

And he said, The LORD came from Sinai, and rose up from Seir unto them; he shined forth from mount Paran, and he came with ten thousands of saints: from his right hand went a fiery law for them (KJV).

Die letterlike betekenis van ...*aan Sy regterhand was 'n vlammende vuur vir hulle,* is ...*aan Sy regterhand was 'n vuur van wet* (Hebreeus: *esh dath*). Torah is dus 'n vlammende vuur.

Met die lees van die laaste Torah-Skriflesing (parashah) van hierdie siklus, staan Israel op die punt om die Beloofde Land (Kanaän) onder die leierskap van Josua, en volgens die belofte van YHVH, in besit te neem. Moses herinner Israel egter daaraan dat YHVH se Torah 'n vlammende vuur is (Ex. 19:16 tot 18). Matthew Henry (Matthew Henry's Commentary on the Bible) lewer die volgende kommentaar aangaande hierdie vers:

> *"His law works like fire. If received, it is melting, warming, purifying, and burns up the dross of corruption; if rejected, it hardens, sears, pains, and destroys. The Holy Spirit came down in cloven tongues, as of fire; for the gospel also is a fiery law. The law of God written in the heart, is a certain proof of the love of God shed abroad there: we must reckon His law one of the gifts of his grace".*

Vir die wat YHVH se Torah met vreugde ontvang, is dit soos verkwikkende reën wat die akker van jou lewe besproei om 'n goeie oes voort te bring!

O God, toe U wel uitgetrek het voor U volk, toe U wel deur die wildernis marsjeer het, het die aarde geskud en die hemele neergebuig voor die Teenwoordigheid van God; selfs Sinai self is beweeg voor die Teenwoordigheid van God, die God van Yisra'el! U, o God, het 'n oorvloedige reën gestuur waardeur U U erfenis bevestig het toe dit moeg was. Ps. 68:8 tot 10 (PWL[1]).

In die vorige parashah (53) het ons gesien dat Moses Israel vergelyk met gras en Torah as die lewegewende water wat die gras voed. Torah is soos sagte deurdringende reën wat die grond ontvanklik maak vir die goeie saad van die Landbouer en wat die goeie saad (Torah) laat groei.

Laat my lering drup soos die reën, my woord kondenseer soos die dou, soos die druppels op die jong gras en soos die stortreën op die kruie, want ek verkondig die Naam van יהוה; reken grootheid toe aan ons God! Deut. 32:2 en 3 – PWL.

YHVH se Torah is dus 'n sinnebeeld van vuur en reën. Vergelyk Efes. 5:26; Deut 5:5; Jes. 5:24 en Jer. 5:14; 23:29. Vir diegene wat Torah met vreugde ontvang, sal YHVH se vuur alle onsuiwerhede weg brand en sal Torah soos reën wees wat lewe in oorvloed bring. Maar vir

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

diegene wat hulle teen YHVH se Torah verset, sal YHVH se vuur ‘n verterende vuur van vernietig wees! (Deut. 4:24; Jes. 33:14; Heb. 19:29)

Torah leer ons dat gehoorsaamheid bring YHVH se seëninge en ongehoorsaamheid YHVH se oordeel. Israel is bevestiging hiervan. Daarom moet ons besef dat YHVH se oordeel begin by Sy gemeente (die ‘kerk’).

Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van YHVH. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die afvallige en die sondaar verskyn? 1 Pet 4:17 en 18

Ons leef in tye, veral gesien in die lig van wêreldwye gebeure, waar talle Christengelowiges die vraag vra: *Het die oordeel van YHVH begin*? Is daar nou werklik nog net enkele sandkorreltjies in die Almagtige se uurglas oor? Niemand kan met sekerheid sê nie, maar tog is daar al hoe meer oortuigende tekens dat dit wel so is.

Die Skrifte verklaar dat die oordeel by die huis van God moet begin. Hiervolgens sal ons as gelowiges eers geoordeel word en dan sal die res van die wêreld aan die beurt kom. Nou is die vraag: Het YHVH se oordeel van ons, naamlik die wat aanspraak maak dat hulle kinders in Vader-God se huishouding en die bruid van Yeshua is, begin? Indien ons kyk na gebeure binne die *ekklesia* (gemeente, die ‘kerk’) dan kan ons nie anders as om tot die slotsom te kom dat YHVH se oordeel wel by Sy huis begin het.

Is die brief aan die gemeente van Laodicea nie ‘n sinnebeeld van die hedendaagse kerk nie (Open. 3:14 tot 22)? Dit waarmee vir jare gebou was, word deur die vuur van YHVH die Almagtige getoets!

Want niemand kan ‘n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Yeshua die Messias. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels — elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.

1 Kor. 3:11 tot 15.

Dit het tyd geword dat ons ernstig moet kennis neem van die woorde van Jeremia soos opgeteken is in hoofstuk 13. In hierdie profesie simboliseer die linnegord die onderrig en instruksies van YHVH (die Torah) wat aan Israel (Juda en Efraim) soos ‘n linnegord moet kleef. Hierdie linnegord het egter weens Israel se hardnekkigheid waardeloos geword.

Die Torah gee duidelike voorskrifte en riglyne van wat, hoe, waarom en daarom. MAAR die mens het verkies om nie na YHVH se woorde te luister nie, maar het hul harte verhard en agter ander gode aan geloop om voor hulle neer te buig.

Hierdie goddelose volk wat weier om na my woorde te luister, wat wandel in die verharding van hulle hart en agter ander gode aan loop om hulle te dien en hul daarvoor neer te buig – hulle moet word soos hierdie gord wat waardeloos is. Want soos die gord kleef aan die heupe van ‘n man, so het Ek die hele huis van Israel en die hele huis van Juda aan My laat klewe, spreek YHVH, om vir My te wees ‘n volk en ‘n roem en ‘n lof en ‘n sieraad; maar hulle het nie geluister nie. Jer. 13:10 en 11

Ons weet wat Israel van ouds se Torah-ongehoorsaamheid tot gevolg gehad het – die geskiedenis is die bewys daarvan. Daarom moet ons ernstig kennis neem sodat dieselfde lot ook nie vir ons weens ons Torah-ongehoorsaamheid tref nie!

En Ek sal hulle verbrysel, die een teen die ander, die vaders en die kinders almal saam, spreek YHVH. Ek sal nie spaar of verskoon of My ontferm nie, dat Ek hulle nie sou verdelg nie. Jer. 13:14.

Is die volgende profetiese woorde van Jeremia besig om ten opsigte van die kerk in vervulling te kom?

So het Ek dan ook jou slippe opgetel oor jou aangesig, sodat jou skande gesien word. Jer.13:26

Laat ons nooit vergeet nie: Ons dien ‘n God en Vader van liefde en genade, maar ook ‘n Almagtige God van oordeel. Hy is liefdevol en geduldig met ons swakhede mits ons ware berou het, maar waar geen bekering en ware berou na vele tugtiging is nie, sal Sy toorn uiteindelik ontvlam. Hy wat nie bou op die fondament van Yeshua Messias, die lewende Torah nie, se werk sal deur vuur verbrand word.

In die dae wat kom sal ons elkeen getoets word. Laat ons dan die woorde van Paulus ter harte neem: *werk julle eie heil uit met vrees en bewing* (Fil. 2:12). Ons moet gereed wees om getoets te word. Ons werke sal deur YHVH se vuur getoets word!

Bepeins of Bespreek

1. Is jy gereed om getoets (beproef) te word? Is jy gereed vir die vuurtoets van YHVH? Het jy jouself al beproef voor Vader-God gestel as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, maar wat die Woord suiwer verkondig en leef (2 Tim. 2:15)? Indien nie, dan is dit tyd dat jy jouself inoefen om ‘n vreeslose en onvermoeide vegter vir die waarheid en die onvervalste Woord van YHVH te word! ‘n Kryger wat te midde van al die aanvalle sal oorleef en oorwin op grond van die Waarheid! YHVH se oordeel moet by Sy huis begin – by elkeen wat aanspraak maak op kindskap van Vader-God!

2. ‘n Soldaat op die oorlogsfront moet klaar opgelei wees en volledig toegerus wees om teen die vyand te veg en te oorwin. Hy moet die bevele van sy bevelvoerder verstaan en uitvoer! Ons Bevelvoerder is Yeshua en Torah is ons bevele (instruksies). Onthou: Ons is nie ‘rusbank-soldate’ nie!!

Deut. 33:3 – Aan Die Voete Van Yeshua

Ja, Hy het die stamme lief. Al sy heiliges – hulle is in u hand; en hulle was gelaer by u voet; elkeen ontvang iets van u uitsprake.

Moses herinner Israel aan die dag toe hulle aan die voet van Sinai gestaan het en met eerbiedige ontsag, dankbaarheid en bewondering bely het dat alles wat YHVH hulle beveel het, sal hulle doen (Ex. 19:8 en Ex. 24:3 en 7). Hy begin egter deur hulle daaraan te herinner dat YHVH Sy Torah aan hulle gegee het omrede Hy hulle liefhet – *Hy het die stamme lief* (al twaalf). Vir Israel aan die voet van Sinai was dit oomblikke van vrees, maar dit is nie die bedoeling van Torah nie! Vir die wat YHVH so liefhet dat hulle begeer om in alles gehoorsaam te wees, is Torah liefdevolle onderrig vir ‘n geseënde lewe. Die feit dat onder die

hernieude verbond YHVH Sy Torah op die tafels van die harte van Sy kinders skryf, is bewys van die liefdevolle onderrig van ‘n Vader!

Gehoorsaamheid aan Torah is om YHVH met eerbiedige ontsag te dien, en waarvan die basis die liefde vir YHVH is – liefde vir wat ons Vader deur Yeshua vir ons geskenk het.

Bepeins of Bespreek

1. Wat beteken dit om by die voete van Yeshua te sit. Verwys Luk. 10:38 tot 42 (Martha en Maria). Kan dit vergelyk word met Israel wat by die voet van die berg Sinai ‘gesit’ het om te luister na die Lewende Torah. Neig ons nie almal om soos ‘n Martha te wees nie wat so besig is met die dinge van die lewe (ons eie belange en die materiële) dat ons nalaat (en vergeet) wat die belangrikste van alles is, naamlik om te hoor en te doen wat Torah ons leer?

Deut. 33:4 – Torah, Die Nalatenskap Van Jakob

Moses het ons die wet beveel, ‘n besitting vir die vergadering van Jakob.

Torah is ‘n nalatenskap (*heritage*) aan die hele Israel – aan al twaalf stamme en dus aan beide die huise (Juda en Efraim). Torah is nie ‘n erfenis (*inheritance*) nie. ‘n Erfenis behoort aan die erfgenaam om daarmee te maak wat hy wil, maar ‘n nalatenskap behoort aan die voorgeslagte en die nageslagte om dit ongeskonde vir ewig te bewaar.

Bepeins of Bespreek

1. Kan ‘n nalatenskap aan die kruis vasgenael word, of as uitgedien of as ‘n vloek beskou word? Onthou: Dit is die oortreding van die wet – die skuldbrief – wat aan die kruis vas gespyker was (Kol. 2:14).

2. Vergifnis van sonde deur die Geslagde Lam van God het deel van Torah geword, naamlik peofesie wat vervul is, en het nie Torah vervang nie

Deut. 33:5 – Koning van Israel

En Hy het Koning geword in Jesúrun, toe die hoofde van die volk vergader het, die stamme van Israel almal saam.

Eenwording van Juda en Efraim sal die wederkoms van Messias voorafgaan en bespoedig sodat Hy as Koning kan heers. *Jesurun* is die simboliese naam vir Israel wat regstandig, opreg en eerlik beteken. Dit beskryf die ideale Israel van eenheid waaroor Yeshua as Koning van konings sal heers. Luister na Paulus se woorde in Ef. 4:1 tot 7.

Ek doen daarom ’n beroep op julle, ek, ’n gevangene in eenheid met ons Meester, om waardig te leef aan die roeping waarmee julle geroep is: in alle nederigheid van gedagte, stil, met verdraagsaamheid en met geduld teenoor mekaar in liefde. Wees ywerig om die eenheid van die Gees te beskerm deur die bande van vrede sodat julle in een liggaam en in een Gees sal wees, net soos toe julle geroep is in een versekerde verwagting van julle

roeping, want daar is een יהוה, *een vertroue, een doop, een God, die Vader van almal, wat oor almal en by almal en in ons almal is, maar aan elkeen van ons is onverdiende guns gegee volgens die grootte van die geskenk van Die Gesalfde Een.* (PWL)

Onthou YHVH is een (*echad* – Deut. 6:4) en daarom verwag Hy dat die hele Israel een van hart, siel en gees moet wees soos die dag by Sinai toe hulle Torah ontvang het.

The Holy Spirit did not come to make them of one accord. He came because they were of one accord! It is not the music that tunes your piano; it's the tuned piano that makes your music – A.W. Tozer

Bepeins of Bespreek

1. In Deut. 33:6 tot 24 seën Moses die twaalf stamme voor hy op die berg Nebo sterwe. Wat het Jakob kort voor sy sterwe gedoen? Verwys Gen. 49:1 tot 28. Wat was die laaste wat Yeshua gedoen het voor Hy na die hemel opgeneem is? Verwys Luk. 24:50 en 51. Yeshua se disippels was een van gees en siel. Kan YHVH ons werklik seën indien daar onderlinge verdeeldheid tussen Sy kinders bestaan? Gaan Yeshua oor ‘n verdeelde koninkryk heers?

2. Ons weet dat volgens profesie (Esegiël 37:15 tot 21; Jes. 11:11 tot 13) moet die twee huise van Israel, naamlik die huis van Juda en die huis van Efriam, een word. Maar kan dit gebeur terwyl die huis van Efriam (die wat terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid en algemeen bekend staan as die Messiane) verdeeld is en oënskynlik al meer verdeeld raak? Dit is hartseer dat daar dikwels na die Messiane verwys word as ondermeer ‘messy-maniacs’ en dan komende uit eie geledere!! Wat doen jy tot bevordering en behoud van eenheid (broederlifde)? Onthou Psalm 133, asook 1 Thess. 4:9; Heb. 13:1; 1Pet. 1:22 en 3:8; 2 Pet. 1:7.

3. Moses was ook ‘n sinnebeeld van Yeshua as Koning. Soos Moses vir Israel volgens Torah ‘regeer’ het, so sal Yeshua ook volgens Torah gedurende die Millennium regeer. Torah was en is en sal altyd die grondwet van die hele Israel wees!! Is hierdie ‘grondwet’ in jou hart geskryf om elke dag daarvolgens te lewe?

Midrash Haftorah

Josua 1:1 tot 18 – ‘n Nuwe Begin

Die doel van hierdie Haftorah is om ons te herinner dat, soos Israel van ouds, moet ons ook gaan en dit wat YHVH ons beloof het in besit gaan neem. Ons kan egter slegs ons nalatenskap in besit neem deur Torah-gehoorsaamheid en deur nie dieselfde foute as Israel van ouds te maak nie! Soos Paulus geskryf het:

Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. 1 Kor. 10:11.

Die dood van Moses was nie net die einde van die tydperk van die gee van Torah nie, maar ook die begin van die lewe volgens Torah in die Beloofde Land! Beide Moses en Josua is ‘n heenwysing (sinnebeeld) van Yeshua Messias. Moses kan vergelyk word met die eerste koms van Yeshua en Josua met die wederkoms van Messias. Soos Moses vir Israel deur die hand

van YHVH van die slawejuk van Egipte bevry het en hulle deur die geslagte lam gered was, so het Yeshua gekom om ons sondeskuld uit te delg en ons van die slawejuk van sonde (Torah-ongehoorsaamheid) te bevry. En soos Moses deur die hand van YHVH die Torah aan Israel gegee het, so ook het Yeshua gekom om Torah (die wet) te bevestig (te bekragtig en nuut te maak) (Matt. 5:17).

Die sterwe van Yeshua aan die folterpaal was ook die nuwe begin van elkeen wat deur geloof geregverdig verklaar is. Soos Josua (*Yehoshua* – in Hebreeus, *YHVH red*) vir Israel die Beloofde Land ingelei het, so sal Yeshua (Hebreeus vir *redding*) by Sy wederkoms die hele Israel (albei huise) die Beloofde Land van die Millennium Koninkryk in lei.

Tot en met die wederkoms moet ons egter hierdie woorde van YHVH aan Josua ter harte neem (*sh'ma, sh'mar* en *asah*):

Hierdie wetboek (Torah) mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel. Jos. 1:8.

Ons leef in die wildernis van hierdie wêreld en Torah-gehoorsaamheid leer ons hoe om te midde van 'n verlore-gaande en vervalle wêreld in oorwinning te oorleef. Torah is ons handleiding hoe om onder die leierskap van Yeshua in hierdie wêreld te lewe. Elke Torahsiklus is 'n nuwe geleentheid om YHVH se onderrig en instruksies beter te verstaan, en onsself beter toe te rus, sodat ons in alle opsigte daaraan gehoorsaam kan wees.

Dit is egter met verlange dat ons uitsien na die wederkoms sodat Yeshua ons in die Beloofde Land van die Millennium kan inlei!! Tot dan is ons besig om te leer hoe om as koninklike priesterdom te lewe:

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. 1 Pet. 2:9 en 10.

Die belofte in Jos. 1:8 stem ooreen met die belofte in Psalm 1:1 tot 3, naamlik die belofte van 'n welgeluksalge lewe vir elke een wat Torah-gehoorsaam lewe. In ons artikel *'n Welgeluksalige Lewe* word die betekenis hiervan meer volledig bespreek en kan afgelaai word by die volgende skakel:
http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/GB9.Aug11WelgeluksaligeLewe.pdf

Bepeins of Bespreek

1. *If you will let God clean you up on the inside, you will not be long cleaning up the outside* – W.B. Dunkum. Torah-gehoorsaamheid is 'n innerlike verandering wat uiterlike sigbaar word.

2. *Fear looks but Faith jumps* – Smith Wigglesworth. Torah-gehoorsaamheid vereis dikwels 'n geloofsprong!

Chazak! Chazak! Venitchazek!

Wees sterk! Wees sterk! Word versterk!

JAARLIKSE TORAH-SIKLUS



-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Shalom tot volgende keer.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.